

Matteus 6:1-4

1 Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie.

2 Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

3 Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,

4 sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.

Vers 1

Waarom sê Jesus *Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie* ?

Dit blyk uit die volgende vers dat die Fariseërs en die skrifgeleerdes graag hulle liefdadigheid so gedoen het om deur die mense gesien te word. (vgl. Matt 23 waar Jesus juis die skrifgeleerdes en Fariseërs as geveinsdes aangespreek).

Wat het die geveinsdes gedoen?

Hulle het hulle liefdadigheid voor mense gedoen om deur hulle gesien te word.

Wat is die gevolg as jy jou liefdadigheid doen om deur mense gesien te word?

Jy het dan geen loon by jou Vader in die hemele nie.

Vers 2

Waarom sê Jesus *moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen*?

Dit blyk dat die geveinsdes nie net hulle liefdadigheid voor die mense gedoen het nie, maar nog verder gegaan het deur hardop aan te kondig dat hulle liefdadigheid gaan doen.

Waarom kondig die geveinsdes hulle liefdadigheid aan?

Sodat hulle deur die mense geëer kan word.

Wat is die gevolg daarvan dat hulle deur mense geëer word?

Hulle het dan hulle loon klaar ontvang.

Vers 3

Hoe doen 'n mens liefdadigheid sodat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie?

Jy doen dit so dat jy nie eers vir jouself erkenning gee vir die liefdadigheid wat jy gedoen het nie.

Vers 4

Hoe bly die liefdadigheid in die verborgene?

In aansluiting by die vorige vers – nadat jy die liefdadigheid gedoen het, onthou jy dit nie self om later vir jouself eer en erkenning te gee nie – jy en ook ander mense moet nie eers onthou wat jy gedoen het nie.

Waar is die verborgene?

In aansluiting by Matteus 6:18 blyk dit dat die verborgene die hemel is, want die Vader is in die verborgene. Dit is waar ons en ander mense nie kan sien nie.

Jesus het die Fariseërs en skrifgeleerdes gewoonlik as geveinsdes aangespreek. Die Griekse woord wat ons met *geveinsdes* (vers 2) vertaal, kan ook met huigelaars

vertaal word. Uit hulle benaming is dit reeds duidelik dat hulle voorgee om iets wees wat hulle nie werklik is nie.

In hierdie paragraaf doen hulle liefdadigheid wat op die oog af opreg lyk. Maar die Here sien egter in die hart van die mens en weet wat die eintlike bedoeling is. Die liefdadigheid wat hulle bewys, doen hulle juis sodat die mense hulle moet sien liefdadigheid doen. Dit gaan vir hulle oor die eer en die erkenning wat hulle van mense kry wanneer hulle liefdadigheid doen en nie oor die hulpbehoewende wat verligting kry en sodoende deel kry aan die genade wat die Here deur hulle skenk nie. Die geveinsdes doen hulle liefdadigheid voor die mense om gesien te word, maar om seker te maak dat die mense hulle wel sien, kondig hulle ook hard en duidelik aan dat hulle liefdadigheid gaan doen. Die mense moet dit sien, sodat hulle deur die mense geëer kan word.

Die Griekse woord wat ons met *sien* vertaal, hou verband met die Griekse woord wat ons met *tater* vertaal. Hierdie geveinsdes doen hulle liefdadigheid inderwaarheid as 'n vertoning vir mense, sodat mense aan hulle die erkenning sal gee.

Die burgers van die koninkryk van die hemele word deur Jesus gewaarsku om nie hulle liefdadigheid so te doen nie. Die mense wat wel hulle liefdadigheid met hierdie motief doen, het geen loon meer by die Vader in die hemel nie. Die loon waarna die geveinsdes gesoek het, was die eer en die erkenning wat hulle van die mense ontvang. Indien die mense nou erkenning en eer aan hulle gegee het oor die liefdadigheid, het hulle gekry wat hulle gesoek het. Daarom het hulle geen loon meer by die Vader in die hemel nie.

Die burgers van God se koninkryk doen nie hulle liefdadigheid sodat mense dit moet sien. Intendeel, hulle doen dit op so 'n wyse dat hulleself nie eers ten volle daarvan bewus is nie, want hulle doen dit so dat hulle linkerhand nie weet wat hulle regterhand doen nie. Liefdadigheid word spontaan verrig, sodat die Vader in die hemel geëer word (Matt 5:16).

Daarmee sê Jesus dan ook dat liefdadigheid wat gedoen word ter wille van die hulpbehoewende nie ongemerk by God verbygaan nie. Die Here beloon sulke werk en Hy doen dit in die openbaar. Die eer en lof wat die mense aan die Here bring oor die liefdadigheid wat bewys is, vind immers in die openbaar plaas en dit is die beloning wat die gelowige dan ook ontvang – 'n blydskap en 'n vreugde dat die Here inderdaad so groot en so goed is dat selfs ander mense Hom daarvoor loof en prys.

Matteus 6:5-15

5 En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

7 En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

11 gee ons vandag ons daaglikse brood;

12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Vers 5 en 6

5 En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

In aansluiting by die waarskuwing in verband met die wyse waarop die geveinsdes (huigelaars of skynheiliges) liefdadigheid doen, waarsku Jesus ook oor die wyse waarop die geveinsdes bid. Net soos by die liefdadigheid gaan dit vir hulle by die gebed nie oor die gebed self nie. Vir hulle is die belangrikste dat die mense in die sinagoges en op die straat sien dat hulle bid. Vir die geveinsdes is dit inwerklik net 'n stuk toneelspel.

Gebed is immers 'n plegtige en innige gesprek met God. Hierdie privaat gebed is 'n saak tussen jou en God waarin jy die Here verheerlik en loof, jou skuld bely, voorbidding doen en die Here dank. Dit is nie iets vir ander mense se ore en nog minder vir hulle oë.

Die Jode het vasgestelde gebedstye gehad. Hierdie geveinsdes het blykbaar gesorg dat hulle op hierdie vasgestelde tye op die plekke – in die sinagoge of op straat – was waar daar baie mense is wat hulle kon sien wanneer hulle.

Aangesien gebed vir hierdie geveinsdes net 'n stuk toneelspel was en die mense het hulle gesien toe hulle gebid het, het hulle loon weg. Hulle het gekry waarvoor hulle gesoek het. Dit impliseer ook dat hulle van God niks sal kry nie – nie eers dit wat hulle in hulle kamtige gebed gevra het nie.

In die geval van die liefdadigheid en die gebed is die fout wat die geveinsdes maak nie soseer dat die mense hulle dit sien doen nie. Soms is 'n mens op 'n plek, soos in 'n restaurant, waar 'n mens dan die Here se seën op die ete vra en daar is ander mense wat jou gaan sien. Die fout van die geveinsdes waarteen Jesus ons waarsku is dit wat

in hulle hart aan die gang was. Hulle het die begeerte gehad om deur mense aangeprys te word oor hulle sogenaamde godsdienstigheid. Die Here het in hierdie begeerte van hulle geen plek nie.

In vers 6 praat Jesus direk en persoonlik met sy volgeling (dissipel), soos in vers 3. Wanneer die gelowige bid, moet hy eerder in die binnekamer ingaan en die deur sluit. Hierdie binnekamer was die stoorkamer wat in die binneste deel van die huis was met ander vertrekke daarrondom. Die binnekamer is dan daardie heel binneste deel van die huis waar niemand van die straat af kan inkyk nie. En boonop moet die deur ook nog gesluit word sodat niemand wat in die huis is daar kan inkom nie. Daar waar die gelowige dan heeltemal alleen is daar moet hy bid tot God wat in die verborgene – dit is in die hemel – is.

En die Vader wat in die verborgene sien, sal die gelowige in die openbaar vergeld. Die verborgene in hierdie sin sien op die binnekamer waar die gelowige waar niemand anders hom kan sien nie en dit sien ook op die hart van die gelowige wat deur geen mens gesien kan word nie. Die vergelding wat die Here in die openbaar sal gee, beteken dat die effek van die Vader se antwoord op sy gebed sal hy oral beleef. Almal sal kan sien hoe die Here hom seën.

Vers 7 en 8

7 En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

Die gelowiges van daardie tyd het nie net die geveinsdes se voorbeeld van gebede gehad nie, maar ook die heidene se voorbeelde. Die heidene het graag met die ydele herhaling van woorde gebid en gedink hulle sal oor hulle baie woorde verhoor word. 'n Goeie voorbeeld van hierdie herhaling van woorde sien ons van die Baäl profete op die berg Karmel waarvan ons 1 Konings 18 lees.

Ydele herhaling van woorde beteken dat die herhaling nie regtig betekenis het nie. Dit is 'n niksseggende herhaling. Vir die gelowige beteken dit dan dat hy nie sommer

maar net woorde woorde moet invul in sy gebed nie. Hy behoort na te dink oor die woorde wat hy tot God in gebed rig. Hy moet dus weet wat hy sê en weet hoekom hy dit sê.

Die heidene het graag baie woorde gebruik, want hulle het gedink dat hulle daardeur hulle afgode kan oorreed om na hulle te luister en hulle te verhoor. Ons hoor dit in die wyse waarop Elia met die heidense profete op die berg Karmel ook spot.

Die Christen het nie nodig om God te oorreed om na hom te luister nie. God is nie doof sodat ons soos 'n kind by Hom hoef te teem nie. Hy hoor ons gebed en Hy luister na ons geroep (Ps 18:7). Ons hoef Hom nie te oortuig dat ons iets werklik nodig het nie. Hy weet immers wat ons nodig het nog voordat ons dit vir Hom in gebed vra.

Gebed is dus nie om die Here in te lig oor iets wat Hy nie sou geweet het nie. Hy weet alles, want Hy is alwetend. Gebed is vir ons mense nodig, want in gebed bely ons ons afhanklikheid van die Here. Hoe meer 'n mens bid hoe meer besef 'n mens jou afhanklikheid van die Here.

Vers 9 tot 13

9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

11 gee ons vandag ons daaglikse brood;

12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Aangesien dit nie gaan hoe baie woorde 'n mens in die gebed gebruik nie, leer Jesus aan sy dissipels hierdie eenvoudige en volmaakte gebed.

God mag as Vader aangeroep word, want Hy is in en deur Jesus Christus ons Vader op grond van die offer wat Christus aan die kruis vir ons gebring het. Dit is voorwaar 'n voorreg om die almagtig God as ons Vader aan te spreek. Dit was by die Jode

heeltemal ongewoon en selfs ongehoord om God as Vader aan te spreek. Maar om enigsins te verhoed dat ons aards van God as Vader sal dink, voeg Jesus by **wat in die hemel is**. Ons moet altyd die grootheid, heiligheid en almag van God as ons Vader onthou.

Die gebed is in twee groepe van drie bedes elk verdeel. In die eerste groep van drie bedes bid ons vir die sake wat God vir Homself moet doen. Hierdie drie sake handel oor sy Naam, sy koninkryk en sy wil.

Die tweede groep van drie bedes handel oor ons liggaamlike behoeftes sowel as ons geestelike behoeftes. Ons word deur Jesus geleer om vir ons kos en alles wt daarmee saamhang bid. God regeer immers volmaak oor die ganse skepping en dit sluit ons liggaamlike behoeftes ook in. God is inderdaad die Vader wat na alles wat ons nodig het omsien.

Daarby word ons geleer ons skuldvergifnis van die Here af te smee. Sonder vergifnis mag ons nie eers naby God kom nie en net God kan en wil ons sondes ter wille van Christus se offer vergewe. Die vergifnis wat ons van die Here ontvang het ook 'n uitwerking op ons verhoudings met ander mense. Omdat ons vergifnis van God ontvang, word ons deur die Heilige Gees gewillig gemaak om ook ander mense wat teen ons sondig te vergewe.

In ons geestelike stryd op die aarde het ons met magte en kragte te doen wat ver bo ons vermoëns gaan. Ons het met die duiwel en al die verleidings in die wêreld sowel as ons eie sondige natuur te doen. Alleen kan ons nie weerstand bied teen hierdie drievoudige aanslag nie. Daarom smee ons die genade van die Heilige Gees af om staande te kan bly in hierdie stryd sodat ons aanhoudend weerstand kan bied teen die verleidings en uiteindelik ook deur die krag van die Gees die oorwinning behaal.

Die slot woorde van die gebed wat Jesus ons leer wat in vers 13 opgeteken is, kom nie in die oudste manuskripte voor nie. Dit is waarskynlike 'n latere toevoeging wat uit die daaglikse gebede gekom het. Hierdie verheerliking van God is egter nie vreemd aan die gebede van die gelowiges nie. Ons hoor hoe Dawid in sy laaste gebed juis 'n soortgelyke verheerliking teenoor God uitspreek (1 Kron 29:11).

Vers 14 en 15

14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

In hierdie twee verse beklemtoon die Here Jesus nog 'n keer hoe belangrik vergifnis is. Wie deur God vergewe is vir sy oortredings, moet sy naaste ook vergewe. Wanneer ons deur God vergewe is, kry ons nie die voorreg en luuksheid om verbitter teenoor ons naaste te bly nie. God verwag dat sy vergifnis van ons sondes 'n uitwerking op ons lewe teenoor ons naaste moet hê. Indien daar geen uitwerking is nie, beteken dit aan die een kant dat ons inhalig is. Ons wil alleen vergifnis van die Here hê en wil dit nie met ander mense deel nie. Aan die ander kant beteken dit dat ons onself belangriker as die Here self ag. Ons sondes teenoor Hom kan maar deur Hom vergewe word, maar ander mense se sondes teenoor ons is so erg dat ons dit nie kan vergewe nie. Dan beteken God se genade nie regtig vir ons iets nie.

Jesus stel diut baie duidelik. Indien ons voortgaan om nie ander mense hulle sondes te vergewe nie, kan ons ook nie verwag dat die Here ons moet vergewe nie. Oor vergifnis het die Here nog baie te sê in Matteus 18 en Lukas 17.

Matteus 6:16-18

Mat 6:16 En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

Mat 6:17 Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,

Mat 6:18 sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Vers 16

En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

Na die onderrig oor die gebed keer Jesus terug na die waarskuwings oor die geveinsdes en die onderrig oor hoe om op die regte manier te vas. In die vooraf gedeelte het Jesus reeds gewys op die wyse waarop die geveinsdes (sien vers 2 en 5 hierbo) hulle liefdadigheid doen en bid. Hierdie geveinsdes verwys onder andere na die Fariseërs en skrifgeleerdes wat hulle liefdadigheid en gebede doen sodat die ander mense hulle moet raaksien. Nou waarsku Jesus dat die dissipels ook nie soos die geveinsdes moet maak wanneer hulle vas nie.

In hierdie waarskuwings oor die invloed van die geveinsdes beweeg Jesus van dit wat redelik openbaar is – liefdadigheid wat 'n mens aan iemand anders doen – al meer tot dit wat persoonlik is tussen jou en die Here self – gebed en vas. Daarmee beklemtoon Jesus dat die geveinsdes daarop uit is om alles wat hulle doen ten opsigte van hulle verhouding met die Here gebruik as 'n manier om die aandag van mense op hulle gevestig te kry.

Selfs in hierdie baie persoonlike handeling van vas is die geveinsdes daarop uit om die mense se aandag op hulle gevestig te kry. Niemand sal weet as iemand anders

vas nie, tensy die persoon dit vir jou sê, of, soos in hierdie geval, wanneer jy met 'n lang gesig in die straat loop. Die geveinsdes wil kamtig nie so voorbarig wees om vir die mense te sê dat hulle vas nie, maar hulle mismaak hulle gesigte so dat hulle hartseer en bedroef lyk, sodat die mense kan agterkom dat hulle vas of sodat die mense moet vra wat fout is sodat hulle vir die mense kan sê dat hulle vas.

Omdat hulle die mense se aandag op hulle gevestig wou hê en dit ook reggekry het, sê Jesus dat hulle hulle beloning gekry het.

Vas is iets wat 'n mens doen wanneer jy jousef ernstig voor die Here verootmoedig in gebed. Daniël het byvoorbeeld drie weke lank gevas toe hy homself voor die Here verootmoedig het oor die profesie van die ballingskap waarvan hy in Jeremia se profesieë gelees het. Nehemia het gevas toe hy oor die toestand van Jerusalem getreur het en die Here se wil in verband daarmee gesoek het. 'n Mens vas wanneer jy dus persoonlik baie nader aan die Here kom. Dit is werklik 'n saak tussen jou en die Here alleen en het niks met ander mense te doen nie.

Vers 17 en 18

Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Daarom leer Jesus die dissipels dat wanneer hulle vas hulle nie nodig het om dit uiterlik vir ander mense te vertoon nie. Hulle moet eerder hulleself goed versorg, want die Here kan in die hart van die mens sien wat homself voor die Here diepe en ernstig verootmoedig. Ander mense het glad nie nodig om te weet dat jy vas nie.

Ons Vader wat in die hemel is, kan in die verborgene sien waar geen ander mens kan sien nie en Hy sal sy kind in die openbaar vergeld. Ander mense sal die guns en die genade wat die dissipel van die Here ontvang kan sien. Mense moet dus eerder sien wat die Here aan sy kinders doen as wat hulle moet kan sien wat die kinders van die Here vir die Here doen.

Matteus 6:19-21

Mat 6:19 Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;

Mat 6:20 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;

Mat 6:21 want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Vers 19 tot 21

Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Jesus gee 'n baie duidelike opdrag dat 'n dissipel nie vir homself skatte op die aarde moet bymekaar maak nie. Hy moet eerder vir hom skatte in die hemel bymekaar maak.

Onder die woorde *skatte op die aarde* verstaan ons dit is geld en ander aardse besittings. In die res van vers 19 stel Jesus dat aardse skatte van verbygaande aard is. 'n Mens het hierdie goed net vir 'n bepaalde tyd. Weens die gevallenheid van die mensdom en die verdorwendheid waaraan die hele aarde onderwerp is weens die mens se sonde, gaan aardse skatte tot niet – mot en roes verniel dit. Daarby is daar ook nog mense op die aarde wat hulleself aan die sonde oorgegee het en as diewe inbreek en steel.

In aansluiting by hierdie tydelike aard van die aardse skatte as waarskuwing om nie aardse skatte bymekaar te maak nie, word dit duidelik dat die mens wat graag aardse skatte bymekaar maak dit nie noodwendig bymekaar maak om bruikbaar te wees in die koninkryk van God nie. In vers 21 gee die Here die eintlike rede waarom mense graag aardse skatte bymekaar maak – hulle hart is waar hulle skatte is. Hulle hart is verkleef aan die aardse goed. Hulle vestig hulle hoop op iets wat tydelik is.

Vergelyk die volgende uitsprake uit Spreuke en Prediker:

Goed bring geen voordeel op die dag van die grimmigheid nie, maar geregtigheid red van die dood (Spreuke 11:4)

Hoeveel beter is dit om wysheid te verkry as goud, en verkiesliker om verstand te verwerf as silwer (Spreuke 16:16)

Sou jy jou oë daarop laat afvlieg? Maar weg is dit! want skielik maak dit vir hom vlerke en vlieg soos die arend na die hemel toe! (Spreuke 23:5)

Want aan 'n mens wat welgevallig is voor sy aangesig, gee Hy wysheid en kennis en vreugde, maar aan die sondaar lê Hy die taak op om bymekaar te maak en te versamel, om dit dan te gee aan een wat welgevallig is voor die aangesig van God. Ook dit is tevergeefs en 'n gejaag na wind. (Prediker 2:26)

As die goed baie word, word die eters baie; watter voordeel het die besitter dan daarvan, behalwe dat sy oë dit aanskou? Soet is die slaap van die arbeider, of hy min en of hy baie eet; maar die oorversadiging van die ryke laat hom nie toe om te slaap nie. Daar is 'n smartlike onheil wat ek onder die son gesien het: rykdom wat deur sy besitter bewaar word tot sy eie ongeluk. Gaan hierdie rykdom verlore deur 'n ongeval, en het hy 'n seun verwek, dan besit dié niks nie. Soos hy uit die skoot van sy moeder uitgegaan het, gaan hy naak weer heen soos hy gekom het; en hy sal vir sy moeitevolle arbeid niks wegdra wat hy met hom kan saamneem nie. (Prediker 5:10-14).

Die dissipel van die Here moet eerder vir homself skatte in die hemel bymekaar maak. Die eerste motivering wat die Here gee, is dat skatte wat in die hemel bymekaar gemaak word nie tydelik van aard is nie. Die skatte in die hemel is nie onderwerp aan die verganklikheid soos wat die aarde aan die verganklikheid onderwerp is nie. Die hemel is dus nie deur die sonde van die mens aangetas nie.

Maar wat is hierdie skatte wat in die hemel bymekaar gemaak moet word? Hierdie skatte is onder andere geloof in die Here. Geloof in Christus, want Hy is ons geregtigheid voor God. Goud en silwer sal 'n mens niks baat op die dag van oordeel nie, maar die geregtigheid van Christus sal ons die ewige verlossing verseker. Natuurlik skenk God self die geregtigheid van Christus aan die gelowige. Maar die gelowige moet hierdie geskenk ook met 'n ware geloof sy eie maak – hy moet dit aanneem.

Hiermee saam kan 'n mens ook dink aan wysheid en kennis van God sowel as die vrees van die Here (Jes 33:6). Waar die skatte is daar sal die mens se hart ook wees. Die Here wil ons hart vir Homself hê. Hy is 'n jaloerse God wat niks wat aan Hom behoort met iets of iemand anders deel nie. Wanneer ons dan ook iets doen, doen ons dit met die oog op die verheerliking van God en tot uitbouing van sy koninkryk. Mag Christus ons grootste skat bly en mag ons hart aan Hom verkleef bly. Dan is ons belegging op die regte plek.

Matteus 6:22-23

Mat 6:22 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees.

Mat 6:23 Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!

Vers 22 en 23

Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!

Die oog is die lamp van die liggaam en hierdie lamp skyn na binne toe – in die liggaam in. 'n Mens steek 'n lamp op om die donker te verdryf, sodat jy kan sien waar jy gaan. Wanneer Jesus die oog die lamp van die liggaam noem, sê Hy daarmee dat die oog lig gee vir die liggaam, sodat ... (wat moet gebeur?)

In Psalm 119 word die Woord van die Here die lamp genoem wat lig gee vir die gelowige op sy lewenswandel (Ps 119:105). As die oog dan die lamp van die liggaam is, beteken dit dat die oog gevoed moet word om lig te kan gee vir die liggaam, sodat jy kan weet hoe om met jou liggaam te werk te gaan en hoe jy moet dink oor sake en hoe jy moet handel op iets wat gebeur.

Indien 'n mens se oog dan reg is (die Engels praat van *single*) – dit wil sê, indien 'n mens se oog eendragtig en opreg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Die oog moet eendragtig of opreg wees ten opsigte van iets anders. Aangesien die Woord van die Here die voedingsbron van die oog is, beteken dit dat die oog eendragtig met die Woord van die Here – dus met die wil van die Here wees. Wanneer die Woord van die Here die oog lei om te sien en te beoordeel, stel dit jou in staat om reg te handel met jou liggaam, sal jy weet hoe om oor sake te redeneer en hoe om te handel.

In aansluiting by die vorige gedeelte wat gehandel het oor die skatte op aarde of die skatte in die hemel, kan 'n mens sê dat dit waarop jy jou oog vestig wat jy die voedingsbron van jou oog maak, sal uiteindelik ook bepaal hoe jy oor sake gaan

redeneer en daarmee handel. Die mens wat die Woord van God as die voedingsbron van sy oog het, sal aardse goed sien vir wat hulle is – tydelik en in diens van die ewige koninkryk van God. Daarom is sy liggaam deur sy oog daarop ingestel om te handel en te redeneer met die oog op die ewige koninkryk van God. So 'n mens sal weet dat aardse goed nie die eintlike skatte is nie, maar die middels om hemelse skatte te vergader.

Die teenoorgestelde hiervan is wanneer jou oog 'n ander voedingsbron as die Woord van die Here het. Wanneer jou oog gevoed word met die begeerlikhede en verleidings van hierdie wêreld dan kan jou oog nie lig gee aan jou liggaam nie. Dit beteken dat jou lamp dof en heel waarskynlik dood is. Daar kom nie lig in jou liggaam in nie. Die gevolg hiervan is dat jou hele liggaam donker is. Jy weet nie behoorlik hoe om met jou liggaam te handel nie. Jy sukkel om sake te beredeneer en daarop te handel, sodat God daardeur verheerlik word en ander mense daaruit voordeel kan kry. Jy sukkel die heelyd net om sin te maak uit die dinge en gevolglik draai alles net om jouself en jou selfsugtige begeertes. Dan word aardse skatte die een al vir jou, want jy kan nie insien dat dit slegs middels is om hemelse skatte te vergader nie.

Jesus sluit hierdie onderrig af met 'n gevolgtrekking. As die lig dan donker is, hoe donker moet dit dan nie wees as daar dan geen lig is nie. So 'n mens is dan totaal aan die verdwaal, want hy weet glad nie waarheen hy met homself op pad is nie.

Matteus 6:24

Mat 6:24 Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!

Jesus sê dit baie duidelik dat niemand twee here kan dien nie. Die mens wat hom wil wysmaak dat hy tog skatte in die hemel en op die aarde kan bymekaar maak, is besig om homself te bedrieg. Geen mens sal dit kan reg kry nie. In daardie gedeelte van vroeër (Matt 6:19-21) het Jesus reeds gesê dat waar 'n mens se skat is daar sal jou hart ook wees.

In die voorafgaande gedeelte (Matt 6:22-23) het dit duidelik geword dat dit waarop jou hart gevestig is, sal ook bepaal wat die bron van lig vir die oog sal wees om as lamp van die liggaam op te tree. Indien die Woord wat die lamp vir 'n mens se voet is die ligbron van jou oog is, sal jou oog waarlik 'n lamp vir jou liggaam wees. Maar indien die aardse dinge wat geen lig in hulleself het nie as kragbron vir die oog optree, sal dit vir die oog onmoontlik wees om 'n liggende lamp vir die liggaam te wees. So 'n mens se lewe is die ene duisternis dan.

Om hierdie saak nog eens duideliker te maak, sê Jesus dat niemand twee here kan dien nie. Die mens wat dit probeer doen, sal baie gou agterkom dat hy die een meer respekteer as vir die ander een. Jesus sê dit nog baie skerper – jy sal die een haat en die ander een liefhê. Daarom moet die dissipels dit nie eers oorweeg om God en Mammon tegelykertyd te dien nie. In die mens se geaardheid is dit noumaars eenmaal so dat hy God dan sal haat en vir Mammon sal liefhê.

Die uiteinde daarvan is dat hy die skatte wat hy gedink het hy bymekaar gemaak het, sal kwyt wees. Sy lewe sal ene duisternis wees. En as God dan teen jou is, is daar niks en niemand wat jou ooit sal kan red nie.

Matteus 6:25-34

Mat 6:25 Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?

Mat 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

Mat 6:27 Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?

Mat 6:28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie;

Mat 6:29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlijkheid nie bekleed was soos een van hulle nie.

Mat 6:30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?

Mat 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?

Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Mat 6:34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

Vers 25

Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?

Daarom verbind hierdie gedeelte aan die vorige ses verse waarin Jesus sy dissipels onderrig het oor die skatte wat hulle bymekaar moet maak, oor die wyse waarop hulle na dinge kyk en die waarde daarvan bepaal sowel as na Here wat hulle moet dien. Indien jy skatte op die aarde bymekaar maak, gaan jy dit verloor as gevolg van mot en roes en diewe. As jou oog ingestel is op die aardse dinge waaruit daar nie lig kom nie, sal jou liggaam donker wees. Indien Mammon jou here is, sal jy die lewende God

afskeep en verag. Uit al drie daardie lesse maak Jesus dit duidelik dat jy die heelyd en tot in ewigheid aan die verloor kant sal wees. Uiteindelik sal jy jou lewe ook verloor.

In plaas daarvan om aardse skatte bymekaar te maak, moet die dissipels skatte in die hemel bymekaar maak. In plaas van om hulle oog op die aardse dinge te vestig, moet hulle hulle oog op die Woord van God vestig wat 'n lamp is vir die voet sodat hulle oog lig kan gee vir die res van hulle liggaam. In plaas daarvan om vir Mammon as here te hê, moet hulle die lewende God dien. Die belangrikste in die lewe is nie die aardse dinge nie, maar die ewige dinge van God. Wie God en die ewige dinge van God as die belangrikste in sy lewe beskou, sal die regte perspektief hê op die aardse dinge. Aardse dinge is bloot middels om nog beter die Here te dien en die ewige dinge van God na te jaag.

Om God en die ewige dinge van God die belangrikste in die lewe is, is aardse dinge nie iets waarvoor jy hoof bekommerd te wees nie. 'n Dissipel van die Here het nie nodig om angstig te wees oor kos en klere nie. Wie egter angstig is oor dinge soos kos en drinkgoed en klere se aandag word die heelyd deur hierdie dinge opgeneem. So 'n mens skarrel rond die hele tyd en het nie meer tyd om die belangrikste dinge in die lewe te oordink nie. Martha het so rond geskarrel om alles gereed te kry vir die ete terwyl Maria by die voete van Jesus gesit het om van Hom te leer oor die ewige dinge (Luk 10).

Die lewe gaan oor baie meer as net oor kos en klere. Selfs 'n mens se liggaam is belangriker en gaan oor meer as net oor die klere wat jy moet aantrek. Daar is 'n verskil tussen 'n godvrugtige verantwoordelikheid en 'n goddelose, vertrouelose gekommer. Baie mense maak soos Martha en laat die vertrouelose geskarrel na verantwoordelikheid lyk. Wie sy godvrugtige verantwoordelikheid nagekom het, kan die res oor die hoeveelheid kos en klere en die gehalte daarvan in die troue hande van sy Vader in die hemel laat. Hy weet presies hoeveel en wat ons nodig het.

Vers 26 tot 30

Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el

by sy lengte voeg?

En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?

Jesus gaan nou voort om vanuit die skepping aan te toon dat dit onnodig is om jou oor kos en klere te kwel. In verband met kos wys die Here op die voëls van die hemel. Die voëls van die hemel saai nie en hulle oes nie hulle maak ook nie in skure bymekaar nie. Tog het die voëls elke dag genoeg kos om te eet, want ons Vader in die hemel sorg vir hulle. Hy gee aan hulle elke dag kos.

Hierop maak Jesus dan die vergelyking tussen die voëls van die hemel en die dissipels. Hy tref die vergelyking met 'n vraag: **Is julle nie baie meer werd as hulle nie?** Selfs 'n kind sal kan agterkom dat mense tog meer werd is as voëls. Daarom, as die Here soveel sorg aan die voëls bestee dat hulle gevoed kan word, hoeveel meer sorg sal Hy aan sy mense bestee om hulle ook te voed.

Wat ons tog goed op moet let is dat die voëls van die hemel werk, maar hulle nie kwel nie. Hulle gaan elke dag uit opsoek na kos wat die Here in oorvloed aan hulle voorsien, maar tog is daar nie angstigheid by hulle nie. Die dissipels van die Here kan rustig voortgaan om hulle werk te doen sonder om angstig te wees of hulle genoeg sal verdien om kos te koop. Omdat die Here vir hulle sorg, sal daar genoeg wees.

Met die vraag in vers 27 wys Jesus daarop dat kwellings eintlik geen resultaat of eerder geen positiewe resultaat lewer nie. Deur jou te kwel, sal jy jouself nie eers een el langer kan maak nie. Inteendeel, kwellings lewer net negatiewe resultate op. Dit veroorsaak allerhande siektes, maar meer nog, dit trek jou fokus en aandag van die Here en die ewige dinge van die Here af.

In verband met klere wys Jesus op die lelies en die gras van die veld. In teenstelling met die voëls wat nog werk, werk die lelies glad nie. Hulle groei maar net en kyk hoe pragtig is hulle. Selfs Salomo met al sy rykdom en heerlikheid was nie soos een van die lelies geklee nie. Die Here versorg die lelies sonder dat die lelies enige moeite

het.

Gras en lelies wat nog minder werd is as voëls in vergelyking met 'n mens word met soveel sorg deur die Here versorg. Die gras en lelies groei in al hulle prag. Maar as hulle afgesny word, verlep dit en dit word in die oond gegooi om te verbrand. As God dan soveel sorg bestee aan iets wat in ons oë so min werd is, hoeveel te meer sal hy nie vir sy dissipels wat in vergelyking met die gras baie meer werd is, sorg nie.

Met die woord *kleingelowiges* vermaan Jesus die dissipels. 'n Kleingelowige is iemand wat min vertrou in die Here het. Om nie die Here ten volle te vertrou nie, is inderwaarheid 'n belediging van die Here. Met kleingelowigheid is die mens eintlik besig om die Here te beskuldig dat Hy nie sy beloftes van trou en sorg sal nakom nie. Terwyl die Here Homself as die betroubare God openbaar wat elke belofte van Hom hou en waar laat word.

Vers 31 en 32

Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

Omdat God vir die voëls van die hemel en die gras van die veld soveel sorg dra terwyl voëls en gras baie minder werd is as die dissipels van die Here, kan die dissipels verseker wees dat God ook vir hulle sal sorg. Geen dissipel hoef dus angstig en benoud te raak oor kos en klere nie.

Die heidene is bekommerd en angstig oor goed soos kos en klere, want hulle het God nie as Vader in die hemel nie. Dit is waarom die heidene se lewens draai – kos en klere. Kos en klere is vir hulle die belangrikste om na te streef en daarin gaan die meeste van hulle tyd en energie ook in.

Die dissipels het egter die Vader in die hemel en Hy is alwetend en barmhartig. Hy weet dat sy dissipels kos en klere nodig het, daarom sal Hy ook aan hulle dit wat hulle nodig het om om te lewe en Hom te dien, gee. Hy doen dit immers vir die voëls van die hemel en die gras van die veld. Hy sal dit beslis ook vir sy dissipels doen.

'n Engelse kommentator, Mathew Henry, van die negentiende eeu het die volgende gebid nadat hy besteel is:

Lord, I thank You:

That I have never been robbed before.

That although they took my money, they spared my life.

That although they took everything, it wasn't very much.

That it was I who was robbed, not I who robbed.

Vers 33

Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Omdat die dissipels van die Here nie hulle tyd en energie te bestee aan die soeke na kos en klere nie en selfs nie daarvoor angstig hoef te raak nie, kan hulle en behoort hulle die meeste van hulle tyd en energie te gebruik om die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek.

Die heel belangrikste vir 'n dissipel van die Here is dus om die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek. Soos wat 'n mens na silwer of 'n verborge skat sou soek, so moet 'n mens na die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (Spr 2:1-9). Jy gebruik elke beskikbare geleentheid en jy kom nie tot rus voordat jy dit gevind het nie.

Om na die koninkryk van God te soek, is om sy koningskap en heerskappy in en oor alles te erken en te bely. Om na sy geregtigheid te soek, is om daarna te streef om te doen wat reg is in God se oë. Dit wil sê, om volgens al die gebooie van God te lewe, soos wat Jesus ons leer in Matteus 5. Maar meer nog, om aanhoudend te bly strewe na die innige en persoonlike verbintenis met Christus wat ons geregtigheid voor God is.

Die heerlikheid van hierdie soek en vind, is dat 'n mens wat een maal die heerlikheid van God se koninkryk en sy geregtigheid gesmaak het nooit genoeg sal kry nie. Daar sal altyd nog meer wees wat die Here ons laat ontdek en beleef, sodat ons na nog meer soek.

Wie die koninkryk van God en sy geregtigheid die heelyd voor oë het, sal die regte

perspektief op al die ander dinge hê (vgl. Mat 6:22-23). En die heerlike is dat die Here alles wat nodig is – die kos en die klere – aan 'n mens skenk soveel as wat nodig is om aan te hou soek na die koninkryk en die geregtigheid.

Vers 34

Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.

In aansluiting by die vierde bede wat Jesus sy disspels geleer bid het, sê Hy nou dat 'n mens jou nie vandag al oor die volgende dag se kos en klere bekommerd hoef te wees nie. Vandag het genoeg om jou besig te hou en die volgende dag sal ook genoeg hê om jou mee besig te hou. Vra in gebed wat jy vir vandag nodig het en spits verderaan jou aandag en energie daarop toe om jou te beywer vir die koninkryk van God en sy geregtigheid.

Elke dag het genoeg om jou aandag van die belangrikste dinge af weg te trek. Dit is nie nodig om ook nog die volgende dag se dinge by vandag s'n te voeg om jou aandag te verdeel nie.